# OosieNUUS

ONS OOSIE WÊRELD

**22/2025** **19 Junie 2025**

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Geagte Ouers en Voogde

Ons is in die laaste week van die Junie-eksamen, en die verpligte akademiese week van 23 tot 27 Junie lê nou voor. Hierdie week is ’n uiters belangrike tyd vir alle leerders om agterstallige werk op te volg, finale assesserings te voltooi en hul akademiese vordering af te rond. Ouers en leerders word vriendelik herinner dat volledige bywoning verwag word, soos voorheen in die nuusbrief gekommunikeer is.

2025 is besig om ’n besonderse jaar vir Hoërskool Oos-Moot te word – nie net op akademiese gebied nie, maar veral ook in sport sien ons werklik uitsonderlike prestasies. Oos-Moot se leerders, afrigters en ondersteuners leef die skool se waardes met trots uit, en ons is dankbaar om sulke hoogtepunte saam met ons gemeenskap te kan vier.

Ons Oosie-netbaldogters het geskiedenis gemaak – en hoe trots is ons nie op hulle nie! Vir die eerste keer in Oos-Moot se geskiedenis het twee van ons netbalspanne deurgedring na die Gauteng Netbalkampioenskappe, en hulle het nie net deelgeneem nie – hulle het UITGESTAAN.

Die o.16A-span het hul plek in die rekordboeke verseker deur as wenners uit die stryd te tree teen van die top skole in Gauteng. Met hierdie prestasie dring hul deur na die Suid-Afrikaanse Netbalkampioenskappe wat op 1 en 2 Augustus plaasvind.

Die eerstespan het hul seisoen met trots afgesluit en die sesde plek in Gauteng verower – ’n puik prestasie in ’n uiters mededingende liga. Ons eer ook die toewyding van Aretha de Beer, Kathleen Taljaard en Mieke van Heerden wat Oos-Moot in meer as 50 wedstryde verteenwoordig het – ’n bewys van lojaliteit en uithouvermoë.

In hokkie vier ons ook besonderse prestasies. Chloe Norman het haar 75ste wedstryd vir die eerstespan gespeel – ’n uitsonderlike mylpaal en voorbeeld van volgehoue toewyding. Verder het Abigail Bloom, Bronwyn Botha, Charmoné Momberg, Helaney Steyn, Liya Steyn en Tayle Purcell elk 50 wedstryde vir die eerstespan gespeel – ’n ware bewys van trots en deursettingsvermoë.

Nege van ons rugbyseuns bereik groot hoogtes met hul insluiting in Blou Bul Provinsiale spanne. Die grootste getal spelers in die geskiedenis van die skool en ’n prestasie wat groot lof verdien: Wanré Strydom (o.15 Afgriweek B-span), Sinawo Stengana (o.16 Noordvaal A-span), Tyrese Adams (o.16 Noordvaal B-span), MC van Tonder en Le-Jerick Vaughn (o.17B Provinsiale span), Riyaan Wilson, Brian Jacobs en Thando Telelo (o.17A Afgriweek span) en Michael Budha (o.16 Grant Khomo-span).

Boonop is mnr. B Pretorius, ons Sporthoof, aangestel as een van die afrigters van die o.18A Cravenweek-span. ’n Groot eer vir hom en vir Oos-Moot.

Ons is ongelooflik trots op elke speler, afrigter, ouer en ondersteuner – julle toewyding en betrokkenheid maak hierdie prestasies moontlik. Julle wys daagliks wat dit beteken om met hart en trots ’n Oosie te wees!

Ons nooi alle ouers, leerders en lede van ons gemeenskap hartlik uit na die Warm Hartklop Kuierfees op 20 Junie. Dit beloof om ’n heerlike geleentheid te wees vol kos, kuier, kultuur en Oosie-gees! Die hekke open om 16:00, en ons sien daarna uit om julle hier by Oos-Moot te verwelkom.

Oos-Moot groete

Me S Theron
HOOF

## BELANGRIKE DATUMS EN KONTAKBESONDERHEDE

Die 2025 voorlopige dagboek aktiwiteite is in die leerders se dagboeke beskikbaar en op die skool se webwerf.

**BELANGRIKE DATUMS**

- 20 Junie : Afrikaans Taalvraestel (Graad 8 tot 12)
  Kaskar / Warm Hartklop-kuierfees
  **Skool verdaag om 14:00**
- 23 tot 27 Junie : Normale skooldae (verpligte akademiese week)
- **27 Junie : Graad 8 tot 12 Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid toets**
  **Skool sluit om 11:00**
- 30 Junie : Graad 10 vakveranderings sluit
- 30 Junie tot 11 Julie : Graad 12 Winterskool (verpligtend)
- 1, 8, of 10 Julie : Graad 10: Gasvryheidstudie winterskool 2025
- 22 Julie : Skool heropen

**Kontakbesonderhede van bestuur en graadvoogde** is op die skool se webwerf beskikbaar.

## LEERDERS SE GESONDHEID

Daar is tans 'n toename in gevalle van griep waar mense ernstig siek word. Ons wil ouers en leerders vriendelik versoek **om in die geval waar 'n leerder verkoue of griep simptome toon**, **asseblief 'n masker by die skool te dra**. Hierdie voorsorgmaatreël help om die verspreiding van virusse te beperk en die gesondheid van almal in ons skoolgemeenskap te beskerm.

Dankie vir u begrip en samewerking.

## AKADEMIE

**Graad 8 tot 12: Afrikaanse taalvraestel – 20 Junie 2025**

Hiermee herinner ons u vriendelik daaraan dat daar op **20 Junie** 'n **Afrikaanse vraestel geskryf** sal word. **Alle leerders van Graad 8 tot 12** sal aan hierdie assessering deelneem.

Let asseblief daarop dat daar **alternatiewe reëlings getref sal word vir die Graad 12-leerders wat Ekonomie skryf**.

### Akademiese week 23 tot 27 Junie

Hierdie week is van kritieke belang, en **skoolbywoning is verpligtend** vir alle leerders. Gedurende hierdie akademiese week sal die volgende in elke vak gedoen word:

- Leerders ontvang hul gemerkte antwoordstelle en verifieer hul punte.
- Vraestelle word uitgedeel en bespreek.
- Memorandums vir elke vraestel word deeglik behandel.
- Leerders maak aantekeninge van hul foute om toekomstige prestasie te verbeter.
- Enige navrae of onduidelikhede rakende vraestelle, punte of berekenings sal slegs gedurende hierdie week hanteer word.
- Leerders gaan voort met die kurrikulum (nuwe werk).

***Belangrik: GEEN navrae oor die eksamenpunte sal in kwartaal drie hanteer word nie*.**

**Rooster vir die akademiese week**

Om te verseker dat alle vakke voldoende tyd kry vir terugvoer, sal die siklusrooster as volg verloop:

| Datum | Rooster (Dag) en periodes | | |
|---|---|---|---|
| 23 Junie (Maandag) | Dag 1<br>Dag 2 | :<br>: | Periodes 1 – 8<br>Periodes 1 – 4 |
| 24 Junie (Dinsdag) | Dag 2<br>Dag 3 | :<br>: | Periodes 5 – 8<br>Periodes 1 – 8 |
| 25 Junie (Woensdag) | Dag 4<br>Dag 5 | :<br>: | Periodes 1 – 8<br>Periodes 1 – 4 |
| 26 Junie (Donderdag) | Dag 5<br>Dag 6 | :<br>: | Periodes 5 – 8<br>Periodes 1 – 8 |
| 27 Junie (Vrydag) | Dag 1 | : | Graad 8 tot 12 Wiskunde/Wiskundige Geletterdheid toets.<br>**Skool sluit om 11:00** |

## Graad 10 Vakveranderings

Ons wil dit graag onder u aandag bring dat die graad 10-leerders volgens die Departement van Onderwys se riglyne tot 30 Junie 2025 die geleentheid het om vakveranderings te doen.

Enige graad 10-leerder wat 'n vak wil verander, moet asseblief so spoedig moontlik kontak maak met Me. T. Stolp by stolpt@oos-moot.co.za vir verdere reëlings en dokumentasie.

## Graad 12 Winterskool

Die winterskool vind gedurende die Mei/Junie-vakansie plaas en is **verpligtend vir alle graad 12-leerders.** Die skrywe op die skool se webwerf beskikbaar.

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 30 Junie tot 11 Julie |
| Koste | : | R300 per leerder |
| Tye | : | Klasse begin om 08:00<br>Klasse eindig om 13:00 |

Die skool se kafeteria sal oop wees vir eetgoed.

***Belangrik***

Indien 'n leerder nie aan die Winterskool kan deelneem nie, **moet 'n skriftelike versoek of rede aan die skoolhoof**, **me S Theron (diehoof@oos-moot.co.za)**, gerig word voor die skool op Vrydag 27 Junie sluit. Sonder vooraf toestemming sal afwesigheid as onverskoon beskou word.

## 2026 OPVOEDKUNDIGE TOER - ITALIË

Hoërskool Oos-Moot beplan vir 2026 'n opwindende akademiese toer vir ons belangstellende Oosie-leerders na Italië. Sien die voorlopige toerprogram hieronder en voltooi die vorm by die volgende skakel indien u kind belangstel om die toer mee te maak: https://docs.google.com/forms/d/1DS0cL8-tsMyngfSc-wEycGYShEdHaJp4u_wToiQfpFo/edit




| **Dag 1: Johannesburg** |
|---|
| • Ontmoeting by OR Tambo Internasionale Lughawe.<br>• Inklok vir die vlug na Rome.<br>• Oornag aan boord van die vlug. |
| **Dag 2: Aankoms in Rome** |
| • Aankoms op Rome se lughawe.<br>• Deur doeane, bagasie-afhaal, vertrek.<br>• Privaatvervoer na akkommodasie.<br>• Ontspan en berei voor vir die toer.<br>• Aandete & oornag. |
| **Dag 3: Antieke Rome & Pleine** |
| • Ontbyt.<br>• Privaatvervoer na Colosseum-gebied.<br>• Begeleide toer van Antieke Rome (buite-aansig) |
| **Dag 4: Pompeii & Napels** |
| • Ontbyt.<br>• Vroeg vertrek na Pompeii.<br>• Begeleide toer van Pompeii & besoek aan Napels. |
| **Dag 5: Vatikaan & Pizza-les** |
| • Ontbyt.<br>• Begeleide toer van Vatikaanse Museums.<br>• Pizza-les & aandete. |
| **Dag 6: Florence in een dag** |
| • Ontbyt.<br>• Oggendtrein na Florence.<br>• Begeleide toer van Florence. |
| **Dag 7: Terugvlug** |
| • Privaat vervoer na lughawe in Rome.<br>• Inklok vir terugvlug na OR Tambo, Johannesburg. |

**Ingesluit**

- Retoer ekonomiese klas-vlugte (OR Tambo)
- Lughawebelasting en -bystand
- 5 nagte in gastehuis (5 ontbyte & 4 aandetes)
- Hotel- en stadbelasting
- Privaat vervoer
- Gidse in Rome, Pompeii, Napels & Florence
- Pizza-les en aandete en *Whisper* oorfone

**Uitgesluit**

- Fooitjies
- Portierdiens
- Middagetes & drankies
- Persoonlike uitgawes

**Koste :** R46 765.00 per persoon (2025 pryse en onderhewig aan verandering)
**Navrae :** Me L de Bruin (l.debruin@oos-moot.co.za)

## MATRIEKAFSKEID 2025

Ons herinner graag ons graad 12-leerders en hul ouers aan die matriekafskeid. Die volledige skrywe is op die webwerf beskikbaar.

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 10 Oktober 2025 |
| Plek | : | Colosseum Reale Venue |
| Tyd | : | 18:00 – 23:00 (aankoms vanaf 16:00) |

Baie dankie vir die ouers wat reeds betaal het. Ons herinner ouers wat nog moet betaal dat die betaling asseblief **so gou moontlik**, maar nie later as 15 Augustus gedoen moet word nie.

**Kostes en betalingsopsies**

- R850 per persoon (Oosie-matrikulant).
- R900 per persoon (metgesel - buitepersoon).
- Eenmalig betaal, of **maandelikse afbetaling voor 15 Augustus 2025**.

## GRAAD 8'S 2026 – AANLYN REGISTRASIES

Die aanlyn registrasies vir die 2026 skooljaar (Departement van Onderwys) open en sluit soos volg.

| | | |
|---|---|---|
| Open | : | 24 Julie 2025 |
| Sluit | : | 29 Augustus 2025 |

**Belangrik**

- Plasings vind plaas volgens huisadres (binne voedersone). Leerders NAASTE aan die skool word dus eerste geplaas.
- Ouers word per sms/e-pos deur die departement gekontak.
- Doen BETYDS aansoek. Die aanlyn registrasiestelsel is vir ongeveer 'n maand oop vir registrasie en die oplaai van dokumentasie.
- Volledige inligting en 'n skakel na die skool se elektroniese aansoekvorm is beskikbaar op die skool se webwerf.




## KULTUUR

### Kultuur ouerondersteuningsgroep

Die Kultuurkantoor nooi ouers uit om deel te word van ons kultuurouergroep! As jy 'n passie het vir kultuur en graag wil help met projekte soos die herstel van gordyne in die saal of ander kreatiewe inisiatiewe, sluit gerus by ons aan. Jou ondersteuning maak 'n verskil! Teken in via die skakel.

### Feitevrate

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 25 Junie |
| Tyd | : | 17:00 tot 19:00 |
| Plek | : | Personeelkamer |
| Koste | : | R50 vir 'n span van 4 |

## KASKAR EN WARM HARTKLOP-KUIERFEES – 20 JUNIE 2025

**Kaskar**
Die kaskar vind (in skooltyd) na afloop van die dag se geskeduleerde eksamen plaas.
**Die skool verdaag om 14:00 na afloop van die kaskar en geen leerders sal uitgeteken word nie.**
Leerders moet asseblief die karkarborgvorms wat uitgedeel is veilig bewaar.
Indien ’n leerder hul borgvorm misplaas, sal ’n polisieverklaring afgelê en ingehandig moet word.

**Warm Hartklop-kuierfees (20 Junie)**
Ons nooi u en u kind(ers) hartlik uit na ons **Warm Hartklop Kuierfees -** ’n spesiale geleentheid vol lekker kuier, kos, kultuur en Oosie-gees!

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 20 Junie |
| Plek | : | Hoërskool Oos-Moot |
| Tyd | : | 16:00 tot 21:00 |
| Algemene toegang | : | R20 per persoon |
| Parkering | : | R50 per voertuig |
| Eie partytjieboks | : | R100 per standaard koelboks |

***Belangrik: Persone wat kospakkies vir die fees bestel het moet asseblief hul eie EETGEREI BRING.***

Die fondse wat met die fees ingesamel word, ondersteun belangrike **skoolprojekte** wat tot voordeel van al ons leerders is.

***Kaartjies is beskikbaar by Me. L Bouwer (kultuur@oos-moot.co.za) en navrae kan aan haar gerig word.***

## BUITEPRESTASIES

Hoërskool Oos-Moot het nog altyd trots erkenning gegee aan ons leerders se prestasies, beide binne en buite die skool.

### ERKENNING VAN BUITEPRESTASIES

Leerders se prestasies buite die skool word op die volgende maniere erken:
- Skoolopeninge
- Jaarlikse Fakkeltoekennings (Prysuitdelingsfunksie)

*Let wel*: *Die prestasie hoef nie verband te hou met die skool se erkende aktiwiteite nie*.

---

### WAT WORD BENODIG

- Volledige besonderhede van die prestasie.
- **‘n Hoë kwaliteit foto** waarop die leerder duidelik herkenbaar is.

*Let wel*: *Geen foto = geen plasing.*

---

### HOE EN WAARHEEN STUUR EK DIE INLIGTING

**Stap 1 :** Kliek op die relevante skakel in die nuusbrief.
- ❖ Akademie
- ❖ Sport
- ❖ Kultuur

**Stap 2 :** Voltooi die aanlyn vorm volledig.
**Stap 3 :** E-pos die foto én enige bewysstukke na die toepaslike adres:
- ❖ Kultuur: kultuur@oos-moot.co.za
- ❖ Sport: sport@oos-moot.co.za
- ❖ Akademie**:** vanstadenh@oos-moot.co.za

**BELANGRIK**
- Laat asseblief ongeveer twee weke toe vir verwerking en plasing.
- Indien daar geen plasing gedoen is nie, kontak me C Meyer by **083 650 0759**.

---

### SKAKELS

Kliek op die spesifieke blokkie vir die Google vorm.







## KOMPETISIE

**PicknPay Waverley** het hierdie jaar weer hul jarelange aankoopstrokie kompetisie vir skole in die MOOT geloods. Ondersteun ons skool asseblief en plaas u PnP Waverley aankoopstrokie in die houer gemerk OOS-MOOT.

## ADVERTEER IN DIE NUUSBRIEF

Daar is geleentheid om in die skool se nuusbrief te adverteer.

- Die nuusbrief word weekliks elektronies, per e-pos via die skool se d6-sisteem, aan die ouers (2200+), personeel (108) en al ons leerders (1500+) gestuur.
- Die nuusbrief word weekliks op die webwerf geplaas waar dit vir die hele jaar beskikbaar is.

Indien u belangstel volg asseblief hierdie skakel vir die pryse en vorm of kontak me M Senekal (webblad@oos-moot.co.za).


Waverley
Wiskunde & Wetenskap
Sentrum
Vakke wat by die Wiskundesentrum aangebied word.
Wiskunde graad 1 tot 12, asook Wiskundige Geletterdheid en Tegniese Wiskunde.
Rekeningkunde graad 8 tot 12.
Afrikaans graad 1 tot 12. Engels graad 1 tot 12.
Wetenskap graad 10 tot 12 sowel as Tegniese Wetenskap
Career Direct: Aanlegtoetse, vakkeuse, beroepskeuse en beroepsleiding
Aanvullende onderrig + Beroeps
- & Vakkeuse toetsing
Marina Stander - 083 259 8913


Plantcare
INDOOR PLANT MAINTENANCE & HIRE
PLANTCARE SERVICES BIED:
• Binnenshuise plant-installering en -instandhouding
• Tuinontwerp en besproeiing
• Plantdekorverhurings
• Weeklikse versorging
Tel: 072 500 2889 / 072 080 7540
Besoek www.plantcareservices.co.za vir meer inligting. Stuur 'n e-pos na info@plantcareservices.co.za of plantc@mweb.co.za


nhs
NOORDELIKE HELPMEKAAR STUDIEFONDS
ONS HELP MET JOU STUDIELENING
Bekostigbare
STUDIELENINGS
vir
TERSIÊRE ONDERRIG
in Suid-Afrika
NHS BIED DIE VOLGENDE:
Tydens die studietydperk
• R80 000 per jaar vir die volle tydperk
• Prima minus 3% rentekoers
• Maandeliks word slegs die rente terugbetaal
Na die studietydperk
Na voltooiing van studie word kapitaal plus rente teen die primakoers betaal.
• Lener kry 2 jaar vir elke jaar van studie om terug te betaal
• Tydens internskap of gemeenskapsdiens betaal die lener steeds slegs rente teen Prima minus 3%.
KONTAK ONS
(011) 782 9160
admin@nhsfonds.co.za
www noordelikehelpmekaarstudiefonds.org


@liridance & @liri__dance
Liri
Dance Studio
HIP-HOP
TAP
CREATIVE MOVEMENT
CONTEMPORARY/MODERN
JAZZ
Nastassja Fourie | 072 480 4535


TIMBER Ware
INTRODUCING TIMBERWARE
Where nature meets craftsmanship!
We provide
Bulk or smaller quantities available:
• Raw/PAR Timber:
Ash - American 25/38/50mm
White Oak - American 25/38/50mm
Meranti 25/38/50mm
All Brown Kiaat 25/50mm
Rhodesian Teak 25mm
Saligna 25mm
Pine 25/38mm
• Standard Doors
• Standard Door Frames
• Custom Floating Shelves
• Screws, Glue & Silkwood
Gert-Jan / Laurike:
072 383 2628
info@timberware.co.za
49 Eland Street, Unit 17
Koedoespoort
Pretoria


VINTAGE
PIZZA/PASTA
PROMOTION
KOZIS
MONDAY 2 WEDNESDAY
185
FOR ANY
2
T's & C's Apply


VALLEY
METHODIST CHURCH
ILAN VAN STADEN
IN THE VALLEY
27 JUNE | 18:00 PM
R120.00 PER PERSON
VALLEY METHODIST CHURCH
1017 BEN SWART STREET, VILLIERIA, PRETORIA
MORE INFO
Stephenie: 0827662471
Andrew: 0792814864
Email: stephenie@valleymethodistchurch.co.za


TRENDY
PIZZA/PASTA
PROMOTION
KOZIS
MONDAY 2 WEDNESDAY
195
FOR ANY
2
T's & C's Apply